

Die “verandering” van God se gebod



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Romeine 8:1; hfst. 7:15-25 en 7:1-14; Johannes 20:19-23; Handeling 20:6, 7; Daniël 7:23-25; Openbaring 13:1-17.

Geheueteks:

“En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word; gedurende ’n tyd en tye en die helfte van ’n tyd” (*Daniël 7:25, OAB*).

Ten einde eindtydgebure reg te verstaan, moet ’n mens eers ’n kernvraagstuk oorweeg: Is die wet van God nog geldig? Eintlik gaan dit hier om die vierde gebod, die een oor die Sewendedag-Sabbat. Ons begryp natuurlik dat verlossing slegs deur geloof is en dat dit nie in die onderhouding van die wet (wat die Sabbat insluit), lê nie. Tog besef ons ook dat gehoorsaamheid aan die wet van God (insluitende die Sewendedag-Sabbat) in die eindtyd ’n uiterlike simbool, ’n soort merkteken, gaan wees – een wat wys wie ons werklik dien. Die verskil tussen ware en vals gelowiges sal al duideliker word, veral wanneer die eindtydgebure aanbreek wat in Openbaring 13 en 14 beskryf word. In daardie tyd sal religieuse en politieke magte saamspan, en ’n magsblok vorm wat ’n vals aanbiddingstelsel op die mensdom sal afdwing. Hierdie verwickelinge is strydig met die bevel in Openbaring 14 vers 7: “Aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (*OAB*) – m.a.w. aanbid die Skepper, en niemand anders nie. Vandeesweek kyk ons na die wet van God, meer spesifiek, die Sabbat. Kwessies rakende pogings tot die verandering van die tien gebooe sal aangeroe word, asook hoe daardie pogings ons as eindtydgelowiges raak, nou dat ons op die vooraand van daardie gebure leef.

* *Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 12 Mei.*

Die belofte

Een van die grootste beloftes in die Bybel staan in Romeine 8 vers 1: “Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees” (*OAB*). Hiermee rond die apostel sy voorafgaande gedagtegang af, bereik hy ’n soort slotsom. Derhalwe moet ons eers vasstel wat Paulus in die voorafgaande gedeelte gesê het, as ons die hoop en belofte wat daarin opgesluit is, na vore wil bring.

Lees Romeine 7:15-25. Let op Paulus se kernboodskap in hierdie skrifgedeelte. Hoe skenk dit ons versekering oor die punt wat hy in Romeine 8:1 probeer tuisbring?

Romeine 7:15-25 het al tot baie debattering in die Christendom gelei. Praat die apostel hier in die algemeen, m.a.w. van die “eie-ek,” of van homself? Een ding is egter duidelik: Waarvan Paulus wel hier praat, is sonde, sonde as ’n voldonge feit. Elke mens op aarde, selfs die gelowige, kan in ’n sekere sin met Paulus se stryd identifiseer. Wie van ons voel nie soms aangetrokke tot vleeslike dinge, tot die “sonde wat in ’n mens woon” nie – sonde wat veroorsaak dat ’n mens dinge doen wat jy nie veronderstel is om te doen nie, of dat jy dinge agterwee laat wat eintlik jou plig was? Vir Paulus is die vlees hier die groot probleem, en nie die wet van God nie. Wie van ons het dit nie al beleef nie – dat jy graag wil doen wat reg is, maar op die ou einde doen wat verkeerd is? Hier probeer Paulus natuurlik nie sê dat sonde vir die wedergebore Christen onafwendbaar is nie. Nietemin onderstreep dit die blywende stryd waarmee elkeen te kampe het wat graag die wil van God wil nastreef. So uiter hy dan die beroemde woorde: “Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?” (*Rom. 7:24, NAB*). Die antwoord is te vinde in Jesus, en in die groot belofte dat daar vir elkeen wat in Jesus glo en wat deur genade ’n geesgevulde lewe lei, “geen veroordeling” is nie. Ja, die gelowige moet steeds teen verkeerde dinge stry. Ja, versoekings moet steeds die hoof gebied word. Ja, sonde is ’n werklikheid. Al verskil is, deur geloof word die gelowige kind van God nie meer deur die wet veroordeel nie, maar is hy/sy sodoende in staat om die wet te gehoorsaam. So leer ons dan om in die Gees te lewe, en ons nie deur die “sondige natuur” te laat beheers nie.

Lees weer vandag se verse en skrifgedeeltes. In watter opsig kan jy identifiseer met die dinge wat Paulus hier skryf? Hoekom maak dit van Romeine 8:1 so ’n fantastiese belofte?

Sonde en die wet

Die teksverse in gister se studie het aan die lig gebring dat sonde 'n werklikheid is waarmee almal, selfs Christene, te kampe het (*Rom. 7:15-25*). In die voorafgaande skrifgedeelte fokus Paulus op die wet, wat vir ons wys hoe algemeen, en dodelik, sonde in werklikheid is.

Lees Romeine 7:1-14. Wat is die verband tussen sonde en die wet? Wat sê hierdie verse ook vir ons oor die onmoontlikheid van verlossing deur die wet?

Paulus bring twee uiters belangrike punte hier tuis. Eerstens, dat die wet van God nie die sondebok hier is nie. Die wet en sy voorskrifte is “heilig en reg en goed” (*NAB*). Sonde is die wortel van die kwaad, en uiteindelik die dood. Die ander punt is dat die wet nie by magte is om ons van sonde en die dood te red nie. Die wet kan wel die tweeledige probleem – sonde asook die dood wat dit meebring – uitwys. Op die keper beskou, maak die wet van God die probleem met sonde en die dood sigbaarder, hoewel dit geensins 'n oplossing vir die probleem bied nie. Slegs 'n oppervlakkige benadering tot hierdie verse (en die ignorerings van die menigte wat die teendeel bewys), kan tot die siening lei dat die wet van God (oftewel die tien gebooie) afgeskaf is. Dit is net mooi die teenoorgestelde van wat Paulus hier probeer tuisbring. Niks wat hy in hierdie skrifgedeelte sê, maak sin as die tien gebooie ongeldig verklaar is nie. Sy argument berus juis op die aanname dat die wet van God steeds geldig is, want dit is immers die wet wat sonde as 'n wesentlike probleem uitlig en die gevolglike behoefte aan die evangelie duidelik maak. “Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: ‘Jy mag nie begeer nie’” (*Rom. 7:7, NAB*).

Lees Romeine 7:13 aandagtig deur. Wat sê Paulus hier, van beide die wet en hoekom dit steeds van krag is?

Dit is nie die wet wat die dood meebring nie, maar sonde. Die wet toon bloot hoe dodelik sonde in werklikheid is. Die wet is reg en goed, in die sin dat dit sonde uitwys. Dit het egter geen oplossing vir die sondeprobleem nie, maar die evangelie wel. Wat sê Paulus hier? As gelowiges, wat in Christus verlos is, moet ons Hom “in die nuwigheid van die Gees” dien (*Rom. 7:6, OAB*) – d.w.s. die band tussen ons en Jesus berus op geloof, waar ons vir ons verlossing op sy verdienstelikheid en geregtigheid staatmaak (wat dan ook die hooftema in die voorafgaande gedeeltes van Romeine is).

Hoe beklemtoon al die pogings van die verlede – jou pogings om die wet van God te onderhou – jou behoefte aan Sy genade?

Van die Sabbat na die Sondag?

As Sewendedag-Adventiste hoor 'n mens dikwels by broers en susters van ander genootskappe: “Die wet is aan die kruis genael,” en ook: “Ons is nie meer onder die wet nie, maar onder genade.” In praktyk kom dit egter daarop neer dat slegs die vierde gebod afgeskaf is. Tog stel baie van hulle dit nie so nie – hulle sê bloot dat die Sewendedag-Sabbat deur die eerste dag van die week – Sondag – vervang is, ter ere van Jesus se opstanding.

Boonop glo hulle vas dat hulle die tekste het om dit te staaf. Hier is enkele van die tipiese Nuwe-Testamentiese teksverse wat baie Christene as Bybelse bewyse vir die sogenaamde “verandering” van die Ou-Testamentiese Sabbatdag aanvoer. Met die lees van dié teksverse moet 'n mens jou deurgaans afvra: Is hier enigsins sprake van 'n dagsverandering? Is dit nie net beskrywings van gebeurtenisse wat telkens op die eerste dag plaasgevind het nie, en derhalwe nie voorskriftelik is nie?

Lees *Johannes 20:19-23*. Wat sê die skrifgedeelte – hoekom het die dissipels daardie dag byeengekom? Party gelowiges voer aan dat daardie diens ter viering van Jesus se opstanding was. Gee dié skrifgedeelte enigsins so iets te kenne?

Lees *Handelinge 20:6, 7*. Watter aanduidings, indien enige, het ons in hierdie versies dat die Sabbatdag van Saterdag na Sondag verander is? Lees ook *Hand. 2:46*.

Lees *1 Korintiërs 16:1-4*. Hoewel gelowiges hier aangesê is om offergawes op die eerste dag van die week opsy te sit, bly die vraag egter: Is dit enigsins 'n bewys vir die afskaf van die Sabbat en die instelling van die Sondag?

Op die keper beskou, is dít nou die kruks van die Bybelse “bewyse” ter rugsteuning van die leerstelling dat die eerste week die sewende dag as Sabbat vervang het. Benewens enkele verwysings na die paar keer dat gelowiges, om uiteenlopende redes, op Sondag byeengekom het, dui geen van hierdie skrifgedeeltes aan dat daardie byeenkomste enigsins kerkdienste ter vervanging van die Sewendedag-Sabbat was nie. Hierdie manier van argumenteer is bloot insegese – m.a.w. 'n poging om die eeue-oue tradisie van Sondagviering hier in te lees, hoewel dit nie daar staan nie.

Die sewende dag in die Nuwe Testament

Soos ons gister gesien het, dui die teksverse wat tipies ter promovering van Sondag as die nuwe Sabbatdag ingespan word, geensins dit aan nie. Elke verwysing na die Sewendedag-Sabbat in die Nuwe Testament toon, om die waarheid te sê, die teendeel aan – naamlik dat die Sewendedag-Sabbat in daardie tyd steeds as deel van die tiengebooie onderhou is.

Lees *Lukas 4:14-16 en hfst. 23:55, 56*. **Wat sê hierdie skrifgedeeltes vir ons oor die Sewendedag-Sabbat, voor én na die dood van Christus?**

Let op die vroue wat saam met Christus van Galilea af gekom het, hoedat hulle “op die sabbat gerus [het] volgens die gebod” (*Lukas 23:56, OAB*). Duidelik is die gebod waarna Lukas hier verwys die vierde gebod, die een wat God in klip op Sinai geskryf het. Van al die dinge wat dié vroue dus by Jesus geleer het, was die selektiewe onderhouding van God se gebod nie een van hulle nie. Die Sabbatsgebod was deel van die prentjie. Om die waarheid te sê, Christus het juis aan sy dissipels gesê: “As julle My liefhet, bewaar my gebooie” (*Joh. 14:15, OAB*). Sy gebooie, wat Hy Self ook onderhou het, het die Sewendedag-Sabbat ingesluit. As die Sondag dan die Sabbatdag vervang het, was hierdie vroue salig onbewus daarvan.

Lees *Handelinge 13:14, verse 42-44, asook hfst. 16:12, 13*. **Watter bewyse bied dié skrifgedeeltes die leser ter staving van Sabbatsviering op die sewende dag? Rugsteun dit die viering van die eerste dag van die week, en waar presies?**

Nêrens in hierdie skrifgedeeltes is enige bewyse dat die Sabbatdag met Sondagsviering vervang is nie. Intendeel, dit toon onteenseglik dat die onderhouding van die Sewendedag-Sabbat ’n algemene praktyk onder die eerste gelowiges was. Handelinge 16:13 is besonder interessant omdat daardie gebeurtenis hom nie binne die sinagoge-milieu afgespeel het nie. Die gelowiges was op die rivieroewer byeen, “waar die gebruiklike bidplek was” (*OAB*). Boonop het hulle dit op die Sewendedag-Sabbat gedoen, en dit jare na Jesus se dood. As daar dan ’n verandering na Sondagsviering was, swyg hierdie teksverse daarvoor – soos die graf.

Hoe kan ’n mens sakens, en op ’n wyse wat nie neerhalend is nie, die Sewendedag-Sabbat-boodskap aan mense bring wat op Sondag aanbid? Noem ’n paar maniere.

Pogings om die sabbatdag te verander

God se wet – die tien gebooue – is steeds van krag (*lees ook Jak. 2:10-12*), en dit sluit die Sewendedag-Sabbat-gebod in. Dit laat ’n mens wonder: Hoekom vier so baie Christene dan die Sondag, en dit sonder enige Bybelse bewyse? In Daniël 7 lees ons van die opkoms van vier groot wêreldryke (oftewel koninkryke): Babilon, Medo-Persië, Griekeland, asook Rome, die vierde en laaste aardse ryk. Vanuit die Romeinse ryk kom ’n ander mag te voorskyn, wat as ’n klein horinkie uitgebeeld word. Daardie klein-horinkie-mag is vandag steeds deel van die Romeinse ryk en vorm ’n soort verlengstuk daarvan. Dit is die pousdom. Wie anders kan dit tog wees? Dit het immers sy direkte ontstaan in die Romeinse ryk, en is vandag steeds deel daarvan. Let op Thomas Hobbes se kommentaar in die 1600s: “As ’n mens in ag neem wie die oorsprong van dié reusagtige kerkstelsel is wat ons nou het, word dit gou-gou duidelik dat die pousdom niks meer as die gedaante van die ou Romeinse ryk is nie, wat op sy graf sit en septer swaai” (*Thomas Hobbes, Leviathan*, Oxford: Oxford University Press, 1996, bl. 463).

Lees Daniël 7:23-25. Hoe help hierdie teksverse ’n mens om die oorsprong van Sondagviering reg te verstaan?

Die Aramees, waarin hierdie gedeelte oorspronklik geskryf is, sê in vers 25 dat die klein-horinkie-mag “ten doel gehad het” om die wet van God te verander. Is enige aardse instelling egter by magte om God se gebod te verander? Hoewel die presiese geskiedkundige besonderhede effe vervaag het, weet ons dat die Sewendedag-Sabbat onder die invloed van die Roomse pousdom met die mensgemaakte tradisie van Sondagviering vervang is, ’n tradisie wat so deel van die Christendom geraak het dat die Protestantse Hervormers dit voortgesit het, reg tot in die 21ste eeu. So vier die meeste Protestante dan deesdae die eerste dag van die week, in plaas van die Bybelse leer se Sewendedag-Sabbat.

Lees Openbaring 13:1-17 en vergelyk dit met Daniël 7:1-8, 21, 24 en 25. Watter ooreenstemmende beeldspraak word hier ingespan om ons ’n beter begrip van eindtydgebeure te gee?

Die gedeelte in Openbaring bevat beelde direk uit Daniël en sluit dié oor die tweede fase van die Romeinse ryk (die pouslike fase) in. So wys Openbaring dan die leser op die komende en hewige eindtydvervolging. Almal wat weier om te “aanbid” volgens die voorskrifte van die instelling waarvan die bybelboek hier praat, sal deurloop.

Lees Openbaring 14:6, en veral vers 7 waarvan die beeldspraak baie aan dié van die vierde gebod herinner (Eks. 20:11). Hoe wys dit vir ’n mens watter deuslaggewende rol die Sabbat gedurende die eindtyd-aanbidingskrisis gaan speel?

Vir verdere studie:

Die einste draak – oftewel Satan – wat teen God oorlog gemaak het in die hemel (*Op. 12:7*), voer ook oorlog teen die kinders van die Here op aarde, dié “wat die gebooie van God bewaar” (*Op. 12:17; lees ook 13:2, 4*). Wat meer is, Satan self ontvang boonop aanbidding (*Op. 13:4*). Sy stryd teen God het in die hemel begin en word op aarde verder gevoer. Sy aanval is, op die keper beskou, ’n aanval op God én sy gebod. “Die vierde gebod openbaar God as die Skepper van hemel en aarde, om Hom van al die vals gode te onderskei. As gedenkteken van die skepping is die sewende dag as rusdag vir die mens geheilig. Dit is ingestel sodat ons die lewende God voor oë sal hou, dat ons Hom as die outeur van ons ganse wese en as die ontvanger van ons eerbied en aanbidding sal erken. Satan doen sy bes om ons trou aan God, en gehoorsaamheid aan sy gebooie, in die wiede te ry. Derhalwe werp hy alles in die stryd om die gebod wat op God se skepperskap dui, te ondermyn” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 53, 54).

Ons aanbid die Here omdat Hy die Skepper “van hemel en aarde” is, met die Sewendedag-Sabbat as simboliese kentekens van sy skepperskap, ’n herinnering aan, en hoeksteen van, die skeppingsweek self (*lees Gen. 2:1-3*). Dit is dus geen wonder dat Satan die Sewendedag-Sabbat teiken nie – want hy probeer om God se gesag te ondermyn, en daarmee saam die simboliese grondslag en hoofsimbool van daardie gesag. In die eindtyd sal God sy kinders byeenbring, diegene wat deur dik en dun aan Hom lojaal bly. Dit is ’n getrouheid wat op hul onderhouding van al tien gebooie steun. Dit sluit ook die Sabbatsgebod in – al een wat spesifiek op God se skepperskap dui, wat toon dat Hy die enigste God is aan wie ons aanbidding verskuldig is.

Vrae vir bespreking:

- 1. Party mense praat van die wesentlike aard van sonde en voer terselfdertyd aan dat die tien gebooie nie meer van krag is nie. Dit skep egter ’n probleem, nie waar nie? Watter reuse teenstrydigheid kan jy in daardie argument uitlig?**
- 2. Dink ’n bietjie aan jou interaksies met mense wat poog om Sondagviering te regverdig. Beskryf jou wedervaringe? Watter argumente het jy aangevoer om hulle tot beter insigte te bring, en hoe doeltreffend was jou pogings? Hoe gemaak met die argument dat die onderhouding van die Sewendedag-Sabbat op redding deur werke neerkom?**
- 3. Terwyl ons ons op die laaste eindtydgebeure voorberei en ook met ander oor die Sabbat praat, moet ons dit duidelik stel dat die uitdagings wat uit die “merkteken van die dier” spruit, nog nie aangebreek het nie. Hoekom is dit so belangrik?**